

25 Februarie - DAWID

Skrifgedeelte: Handeling 13:13-31

Fokusgedeelte: Handeling 13:22

Paulus is besig om te preek. Hy is besig om die blye boodskap aan die inwoners in Antiogië te verkondig. Hy wil die koms, lewe, sterwe en opstanding van Jesus Christus aan hulle oordra. Hy gebruik 'n aantal gebeure uit die Ou Testament om aan hulle te toon dat Jesus Christus se koms en lydensgebeure alreeds eeue vantevore vasgestel is.

Aangesien koning Dawid 'n baie belangrike rol in die geskiedenis van die volk van God gespeel het, gebruik Paulus vir Dawid ook as voorbeeld. Dawid was nie maar net 'n koning nie – hy was 'n man na God se hart. Dawid het die wil van God getrou volbring (vgl. Ps 89:21; 1 Sam 13:14; Jes 44:28).

God verwerp diegene wat eiewillig optree en wat eie belang soek, maar Hy het diegene lief wat sy wil uitvoer. Hiermee word nie gesê dat Dawid sonder sonde was nie, want hy was 'n moordenaar, bedrieër en 'n owerspelige. Tog het hy berou gehad en telkens sy sonde bely. God het hom telkens weer vergewe. Uit sy nageslag is die Verlosser dan gebore.

Ons moet ons ook maar telkens afvra: Is ek 'n man of vrou na God se hart? Onderhou ek die wil van God? Tree ek op met die wete dat ek deur Jesus Christus 'n geestelike afstammeling van Dawid is, uitverkies omdat God my liefhet?

Verkondig dan die blye boodskap: Jesus Christus het gekom. Hy het vir my en jou gesterf, opgestaan en opgevaar, net omdat God ons, soos vir Dawid, ook oneindig liefhet!

Sing: Psalm 89:2

Dr FG Minnie (Pastorale Berader – Cachet)